MY DROOMKERK

Ds Hansie Schutte
CRADOCK
Oktober 2006

Van kleintyd af droom ek oor die kerk - die bybelse kerk - die kerk wat ek as kind reeds stamelend bely het as *één en heilig en algemeen en Christelik* - die kerk wat die liggaam van Jesus is...

Ek droom dat in hierdie kerk die *solas* in elke hart sal lewe : *slegs Jesus, slegs die Bybel, slegs die geloof, slegs die genade...*

Ek droom dat al die mense van hierdie kerk - ja, die kerk bestaan mos uit mense, sondaarmense - hierdie heerlike wete in hul harte sal omdra : *Ek is God se eiendom - deur Hom uitverkies en geroep en gered!*

Ek droom dat in hierdie kerk almal aldeur bewus sal bly : *Ek is deur God gered om met die gawes wat Hy aan elkeen van sy mense gegee het Hom te eer en te dien, die ander gelowiges te dien en te versorg, maar ook diegene wat nog buite staan met die liefde en die boodskap van die goeie nuus van verlossing te bedien...*

Ek droom dat in hierdie kerk daar nie meer *Jood en Griek en slaaf en vryman en man en vrou* sal wees nie, maar net *broers en susters in die Here Jesus* wat mekaar in die oë kyk en daarin die liefde van Christus herken...

Ek droom dat die verskille in gawes en tradisies en kulture en gebruike nie deur die mense van hierdie kerk as *bedreigend* vir hul *onderlinge verbondenheid* gesien sal word nie, maar as 'n heerlike *verskeidenheid* wat die liggaam net meer effektief in sy diensbaarheid maak...

Ek droom van 'n kerk waar mense in 'n kaleidoskoop van eredienstyle op verskillende plekke saamkom om week na week in 'n gemeenskaplike verwondering oor die groot dade van God in hul lewens Hom te *eer en te dien*, en waar almal oral welkom is en welkom *voel* om dit ook soms saam met die ander in hul tradisie te doen...

Ja, ek droom van 'n kerk waar op een plek die Geneefse lied weerklink, op 'n ander die meesleurende melodie van 'n Sionsgesang, en oorkant die pad die ritmiese dreunsang in 'n handvol stemme uit vriendelike swart gesigte en kele...

Ek droom van 'n kerk waarvan die lidmate mekaar se hande vat en projekte loods om

die nood van mense te verlig - ek sien sopkombuise en geletterdheidsklasse en oornagskuilings en vaardigheidstoerustingsgeleenthede wat nuwe hoop bring in stukkende mense en hul afhanklikes se lewens...

Ek droom van 'n kerk wat 'n verskil maak aan sy konteks - in die kleinste plattelandse-gehug-van-'n-dorpie, maar ook in die grootste en blinkste metropool waar die nood van mense niks minder is nie...

Ek droom van 'n kerk wat *uitreik in diensbaarheid* en so ontgogelde en verdwaasde mense die Christus laat sien...

Ek droom van 'n kerk wat ontdek het dat die kerkverband in diens van die plaaslike gemeente is, en nie andersom nie, en waar die fondse en energie gefokus word op die versorging en opbou van die gemeente en die uitbou van die Koninkryk van haar Here...

Ek sien in my droom 'n kerk wat in al haar vergaderinge *die Koninkryk van God en sy geregtigheid soek,* en dan - as sy beminde - alles anders in haar slaap van Hom ontvang...

Ek droom van ringsvergaderinge waar die *onderlinge-sorg-en-omgee-vir-mekaar-as gemeentes* en die *gemeenskaplike verantwoordelikheid* vir die bediening van die Goeie Boodskap in daardie besondere gebied die groot sake op die agenda is...

Ek droom van streeksinodes wat in sitting saam besin oor God se wil en God se werk en wat onder die leiding van die Gees saam begin droom en visioeneer...

En ek droom van 'n algemene sinode wat juigend en lofsingend aan God die eer toebring vir sy genade en voorsiening in die verloopte tyd, en wat, wel deeglik bewus van die rykdom-van-verkeidenheid in hierdie liggaam van die Here, beplan en besluit oor dinge wat die mindere vergaderinge moeilik vind...

Ek droom van 'n kerk wat nie verskoning maak vir sy bestaan nie, maar wat met oortuiging en onverskrokke aan wie ook al kan hoor, sê : *So spreek die Here Here!*

Ek droom van 'n kerk wat gedring word *deur die liefde van Christus,* en wat daarom self bedienaar van die *liefde en vrede en versoening en geregtigheid* is...

Ek droom van 'n kerk wat vanweë sy diensbare gehoorsaamheid só 'n impak op die wêreld maak dat mense sal kom aanklop en sê : *Wat moet ek doen om gered te*

word?

En ek droom van ‘n kerk wat so uitnodigend en inklusief is dat ander van dieselfde oortuiging en belydenis sal uitroep : *Ons wil met julle saamgaan!*

Ja, ek droom van die kerk waaroor God glimlag, en wat Hy gereed staan om nou vir ons te gee!